Ps. 84:1,6.
Ges. 65:1,4.
Ges. 58:7

## Waarom getwyfel?

Matt. 14: 22–36.

Luxt. 13 ~~Febr.~~ 1944.
Greene 8 Julie 1945

**Mt. 14:31** – Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?

Daar is baie mense wat verlang, as hulle dit kon regkry, daar nooit 'n storm op see moet kom nie. Gewoonlik hd. wens omdat hulle nie d. ongerief, die gevaar & angs v. storm wil wedervaar nie. As dit van hulle moet afhang, sal elke vaart op stil gladde water wees!

In die vaart v.d. lewe kom d. wens ook somtyds op in d. harte v. baie mense: dat daar geen storms, geen stormwinde, geen gevaar moet wees nie mr dat d. reis v.d. lewe kalm, stil & sonder moeilikhd sal verloop.

Verstaanbaar, veral as d. storms soms kom in al hulle krag & geweld, as dit dreig om te vernietig & te verwoes & kosbare lewens mee te voer.

Mr. dis nie altyd goed as d. lewe voortgly op 'n effe, gelyke baan nie – dis ook nodig dat die storms sal kom: soos die dis's ook moes ondervind in die gelese gedeelte.

Waarom sekere dinge hier oplet – kan ons help om in dag v. storm koers te hou.

I. Wanneer storm gekom? Wat was d. omst.e:

Sien: voeding 5000. Skare wil Jesus koning maak (hang aan lippe). Dis's sien afin kans om self grootheid te verkry. – naam & roem. Jesus sien al dd. dinge – & dwing hulle om in skuit te gaan – terwyl Hy die opgewonde skare gaan wegstuur.

Hulle vaar af na d. oorkant → Jesus gaan op na d. berg. Storm Kom?

& In d. nag:

① Toe hulle alleen is: Daar op d. meer in d. skuit - sonder d. Meester. Heelw. weggevaar m. d. gedagte: Wan sal ons bang wees? Ons is mos vissers! Ons Ken d. see - ons gewoond aan storms - niemand nodig om ons te help nie!

→ Vaar u & ek nie soms alleen uit op d. grootsee v.d. lewe m. d. gedagte: Wan iemand nodig? Ken d. pad, gewoond aan storms - & dan oorweldig!

② Toe hulle in middel v.d. meer was: Ons lees dit was in die 4e nagwaak ± 3 uur die môre die tyd wan die nag op sy donkerste is. // Verbaasd om te hoor dat hulle nie eenkal oorkant was nie! Oor tyd genoeg! En hier sukkel hulle nog in d. middel v.d. meer! Roei & spook - mr Kom nie verder nie. // Besef: // as ons nou ondergaan is die Kans op redding feitlik niks!! Daar was vir hulle geen uitvlugkans nie - as daar nie redding langs ander weg sou Kom nie! Wind teen hulle

→ Presies soos d. lewe: storms Kom gewoonlik wan nag op donkerste is, wan daar geen hoop op redding na enige Kant skyn te wees nie, wan. sef die wind jou teestaan. Wat dan gemaak? Hoe vrugteloos al d. pogings om vorentoe te Kom!

II Wan gekom? Dis 'n seker- gewe: Wan? Miskien murmureer, verwyt in harte - mis. Kien vir mekaar gesê: Hoekom ons hier swoeg - & Meester laat ons alleen? Nogal gedwing om te gaan: & kyk nou!

Wan?

① Om dis se afhanklikhd v.d. Meester te toets: Jesus wou hulle laat verstaan: julle Kan nie op julleself vertrou nie - julle mag nie! Julle het gereken: julle Ken d. see - Kan storms trotseer & nou? Gereken dis nie nodig om d. hulp v.d. Meester in te roep: wou in julle eie Krag die gevreg voer - & hou? Sien: dis hopeloos! // Daarom dat Meester hulle laat worstel tot 4e nagwaak, laat gaan tot in middel v. meer, wind hulle teë om te sien: ons self kan niks doen nie!

→ Ons: rede wan storms Kom - wan Heer ons so ver laat gaan! Om sy reddende hand te voel!

② Om dis se geloof in d. Meester te toets:

Nie net ① mr ook ②: moes nie net leer om van hulleself af te sien nie, mr. ook op d. Meester! // Maar nie net hulle eie magteloosh. hier ken nie, mr. ook d. wondermag v. hulle Meester! Nie net hulleself in al hulle Klein-geloof - mr. ook Meester in sy onwrikbare geloof!

- Storms Kom nooit verniet: God altyd 'n doel d/mee. Seestorms: skoonmaak-tyd van see & strand - anders verrotting & verderf!

Lewensstorms: skoonmaaktyd v God - toets vir nie sterk genoeg is om staande te bly - en nie val!

III) Waarom het P. gewankel? Op bevel + uitnodiging v. Meester: Kom! Reeds eers geloop – + toe versink. Waarom?

① Omdat P. te veel op hfs vertrou het:
Gereken: Mr. as d. Meester dit kan doen, waarom nie ook ek nie? Dan's daar mos geen kuns aan nie – net vol selfvertroue wees, ens. dan alles reg!

→ Dit nie gew. een vd. grootste redes waarom d. Xten neerlaag ly nie? Vertrou op hfs, sy eie insig, sy verstand, sy idees + planne – + bereikeer geluk hulle mis 'n tyd soos P. s'n ook eers geluk het; Mr. ... dan die val!

② Omdat P. te veel op d. storm gelet het:
„Mr. toe hy d. wind sien" – sy oog was dus meer op d. storm as op d. Meester, meer op d. golwe as op d. Een wat die golwe beheers, meer op d. pad by hom as d. Meester voor hom! ↑ En daarom getwyfel! Donker ~~om~~ hom as hy ~~ver~~ Kom!
Vr: As storms kom op wie hou ons d. oog? Op d. woeste branders, die dreigemente v.d. wêreld, of op Xtus wat die branders beheer? // Op d. wind wat waai of op d. Meester wat d. wind kan stil?